Tygerburger.

Woensdag 5 September 2012

Gedenk FAS-dag met ander

Internasionale Fetale Alkoholsindroom (FAS)-dag word Sondag 9 September herdenk. 'n Kind wat aan FAS ly is tydens swangerskap aan die moeder se alkoholgebruik blootgestel en het, buiten ander gebreke, ook onomkeerbare breinskade opgedoen.

Mense wat die dag wil gedenk, word versoek om die volgende te doen:

- Op Sondag om 09:00 byeen te kom om 'n kort voorkomingsboodskap van FAS te deel;
- Om 09:08 'n minuut van stilte te huldig waartydens daar gedink word aan diegene wat FAS het en hul versorgers/opvoeders;
- Om 09:09 word die stilte verbreek deur die lui van 'n klok (soos 'n kerk-, skool- of handklokke) om almal tot aksie te roep in die stryd om die voorkoming van FAS en die ondersteuning van swanger vroue om nie alkohol tydens swangerskap te drink nie.

Deelnemers word ook versoek om die FAS-strikkie te dra – 'n wit tou-strikkie wat in die vorm van 'n vissermansknoop geknoop is. Die strikkie simboliseer 'n tou met uitgerafelde ente: die umbilikale koord (naelstring) waardeur die ongebore baba voedsel, maar ongelukkig ook alkohol, van die swanger moeder ontvang; en die sentrale senuweestelsel (brein) wat permanent deur die alkohol beskadig kan word en breinskade veroorsaak.

In die laat negentigjare het 'n groep besorgde ouers en pleegouers in Nieu-Seeland byeengekom om te beraadslaag oor die gebrek aan inligting rakende die hantering van kinders met FAS. Hulle was ook besorg oor die gebrek aan kennis oor FAS in die wêreld. Ten einde raad het hul internetkontak probeer maak met ouers in soortgelyke omstandighede. Goeie kontak en ondersteuning is met 'n groep in Kanada bewerkstellig. Dit het gelei tot die stigting van 'n internasionale FAS-dag, wat sou poog om die wêreld se aandag op FAS en die voorkoming daarvan te vestig.